Hoe om skuifspelde in Voortrekkerwerk te gebruik

Graad 1 tot 12

Die meeste van ons het skuifspelde in die huis. Gebruik dit vir verskillende aktiwiteite.

Onderwerpe: Kreatiwiteit, handwerk, spanbou

Stappe

1. **Spanbou**
   Maak twee spanne. Gee vir elke span dieselfde aantal skuifspelde. Die spanne moet poog om die langste skuifspeld-string in dieselfde tyd te bou. Gee vir die spanne ’n kort tydjie om beplanning te doen en laat hulle dieselfde tyd begin. Gee net ’n beperkte tyd vir die aktiwiteit. Die span met die langste string wen.
   (Laat spanlede die skuifspelde weer los maak, anders het jy stringe skuifspelde wat jyself uit mekaar moet haal!)
2. **Kreatiwiteit**
   Deel vir elke spanlid ’n papiertjie en pen uit. Spanlede moet dan op die papiertjie skryf waarvoor hulle ’n skuifspeld kan gebruik. Moedige kreatiewe denke aan. Gee ’n beperkte tyd vir die aktiwiteit. Die spanlid met die meeste idees is die wenner.
3. **Maak ’n skuifspeld-hangertjie**
   Jy benodig ’n aantal skuifspelde en band ("tape") van verskillende kleure. Maak ’n hangertjie van die skuifspelde. Draai verskillende kleure band om die skuifspelde.